## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 591** **27 MEI 2016**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.

### WYSIGING VAN BYLAE NO. 6 (NO. 6/3/44)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 6 by bogenoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

### BYLAE

**Deur Opmerking 6(f)(ii)(cc) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(cc) deur die houer of sessionaris van die nodige magtiging ingevolge die "Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No. 28 of 2002)", verleen of gesedeer.

**Deur Opmerking 6(f)(iii)(ss) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(ss) Klipgroefwerk wat alleenlik noodsaaklik is vir die vekryging en verwydering van minerale van die steengroef, uitgesonderd enige sekondêre werk of prosessering van sulke minerale (insluitende vergruising, sorteer en was) hetsy in die myngroef of op die plek waar die mynbedrywighede gedryf word.

**Deur die invoeging van die volgende Opmerking(s) na Opmerking 6(f)(iii)(uu)(I) in Deel 3 van Bylae No. 6:**

(vv) Rehabilitasie vereis deur 'n omgewingsbestuurprogram of plan goedgekeur ingevolge die "Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002" maar uitgesonderd sodanige bedrywighede uitgevoer buite die plek waar mynbedrywighede uitgevoer word op of na 'n sluiting sertifikaat uitgereik is ingevolge die "Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002".

**Deur Opmerking 6(f)(iv) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(iv) Die terugbetaling van heffings ten opsigte van die myn van sand, steen, rots, grond (anders as bogrond), klei, gruis en kalksteen is slegs van toepassing waar dit uit 'n steengroef gemyn word en die mynwerksaamhede voldoen aan subparagraaf (iii)(ss).

**Deur die invoeging van die volgende Opmerking(s) na Opmerking 6(h)(vii) in Deel 3 van Bylae No. 6:**

(viii) Suikerrietboere met 'n gemiddelde produksie van minder as 1 800 ton suikeriet elk per jaar en wie nie geregistreer is nie vir waarde toegevoegde belasting doeleindes en versuim in die logbook inskrywings wat in paragraaf (q) van hierdie opmerking omskryf is, moet hulle geskikte brandstof aankope met 20 persent verminder om moontlike nie-geskikte aankope uit te sluit. Die suikermeule aan wie die suikerriet van die boere gelewer is moet die terugbetalingseise van die boere onder die meule se eie waarde toegevoegde belasting registrasie verwerk as agente namens sodanige boere in konsultasie met die Suid-Afrikaanse Suiker Vereniging (SASA).